

27 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15

Die groot wit troon

Uiteindelik gaan die dag aanbreek. Al die vyande van God en sy kinders word tot verantwoording geroep, maar ook die gelowiges moet voor die Regter verskyn – almal wat lewe en almal wat reeds dood is. Hoe mense ook al by God verbygegaan het, daar kom 'n uur wat hulle dit nie meer kan doen nie. Die aanklagte kom uit die boek wat oor elke mens tydens sy lewe geskryf is: al sy gedagtes, sy woorde en sy dae. Christus bring dit alles by sy verhoor in berekening.

Die beslissende vraag is dan nie hoeveel jy bymekaar gemaak het nie, maar hoeveel jy gegee het. Volgens Matt 25:31-46 word die skape van die bokke geskei rondom die vraag oor wat elkeen gedoen het. Die ware liefde (agape) is daarop ingestel om te gee.

Maar daar is ook 'n ander boek wat in berekening gebring word: Die boek van die lewe (Mal 3:16). Daarin staan die name van hulle wat eerbied vir die Here het. Die gelowiges kom wel voor die Regter om vryspraak te ontvang (Joh 3:18). Hoe kan jy seker wees dat jou naam in die boek van die lewe is? Waar lê die fokuspunt van jou lewe – op jouself of op die Here? Daarom bly daar net een beslissende saak in jou lewe op aarde oor. Leef jy soos 'n kind van God wat in totale oorgawe aan Hom die eer wil gee?

Sing: Skrifberyming 10:1,2,5,6

Dr B Duvenage (Emeritus)